

DIE AFRIKAANSE KUNSLIED

deur C. G. S. DE VILLIERS

DIE lied is een van die oudste kunsgenres, want die volkslied het soos 'n nederige huisie langs 'n eerwaardige domkerk gestaan reeds in die dae van die groot kerk-komponiste soos Des Prés, Palestrina en Bach. Baie van daardie volksliedere is later van gewyde woorde voorsien en leef as korale of kerkgesange in die Protestantse gesangboeke voort. Hulle het 'n enkele melodie waarop alle versies gesing word; sulke liedere noem 'n mens stroliefedere.

Met die opbloei van die Duitse liriese poësie met name soos Bürger en Klopstock, 'n poësie waartoe Heine, Eichendorff, Goethe, Mörike en Keller sou bydra, het dit vir 'n diep musikale volk, bewus van die verwantskap van die digkuns met die musiek as 't ware behoefte geword om die gedigte te sing. Uit dié behoefte is die kunslied gebore. Die tyd was ryp daarvoor, die tyd wat, soos Dante sê, „die vervulling van alle begeertes meebring.” Die vroeë meesters van die lied, soos Mozart, Beethoven en Schulz, het wesentlik nog stroliefedere gekomponeer. Die idee dat 'n mooi gedig as geheel getoonset moet word, „durchkomponiert” moet word, het by Schubert ontstaan, en sy eerste poging in dié rigting, die toonsetting van Goethe se „Gretchen by die Spinwiel,” gekomponeer in 1814, was reeds 'n meesterstuk van sy soort.

Die kunslied as musiekgenre is dus in 1944 honderd-en-dertig jaar oud. Dit sou in die hande van Schubert, Schumann, Brahms, Wolf en R. Strauss een van die allerbelangrikste musiekgenres word. Geen Duitse musiek is so Duits as die Duitse kunslied nie, want dit vertolk die Duitse poësie. Schubert se „rang” onder die groot komponiste berus grotendeels op sy liedereskepping en dié van Wolf uitsluitlik. Wie dink dat hulle Brahms voldoende ken uit sy simfonieë, sekstet of selfs sy „Requiem,” bedrieg hulself. Die ware Brahms leer jy eers ken uit sy vier Bybelliedere, sy duette en sy kunsliedere; daarin ontsluit die komponis hom eers vir die hoorder.

Die ander Europese volke het die Duitse kunslied probeer naboots; die Franse het hul Duparc en Fauré, die Russe het hul Moesorskij en Ghretsjaninof, die Engelse hul Quilter. Luister maar na 'n fyn Franse lied soos „La vie antérieure” van Duparc of 'n Noorse lied soos „Der gynger en baat paa bölgen” (Daar wieg 'n boot op die golwe) van Grieg. 'n Mens bewonder hulle, maar as jy onmiddellik daarna na „Am Brunnen vor dem Tore” van Schubert of 'n lied uit Schumann se „Dichterliebe” luister, mis jy die wesentlike kenmerk van die lied: sy huislike, innige, intieme aard.

Die lied is huismusiek en sy aangewese begeleiding die klavier. Verplaas hom in 'n groot konsertsaal en hy verwelk. Die kuns van die liederesanger berus nie op growwe effekte soos dié van die operasanger nie. Die dramatiese moet deur die stemnuanses en mimiek van die kunstenaar weergegee word en nie deur gebare nie. Daarom kom dit weinig voor dat die operasanger die wese van die lied besef, tensy hy 'n Janssen of 'n Lehmann is.

Dit is nie die doel van hierdie

artikel om die geskiedenis van die kunslied te behandel nie, maar om die vraag te stel: hoe staan dit met ons Afrikaanse kunslied? Maar omdat ons geen kuns kan begryp as ons nie ook die ontstaan en tradisies en vorm van dié kuns ken nie, was 'n kort bespreking van die wese van die kunslied noodsaaklik.

Die Afrikaanse poësie het al genoeg stof vir ons komponiste. Die lied het kort liriese gedigte nodig, en hulle ontbreek nie in die Afrikaanse literatuur nie. 'n Digter soos bv. I. D. du Plessis, met sy eenvoudige segging en musikale klankbewustheid, se werk is besonder geskik om getoonset te word. Introspektiewe en filosofiese gedigte is egter minder geskik vir liedtoonsettings: selfs Wolf kon dit

Die meeste sangonderwysers in ons land is Engels of in Engels opgelei en besef glad nie eens dat Afrikaans sy eie klankstelsel het nie. Voorgeskrewe stukke vir gevorderde sangeksamens is Engels of word in Engels of miserabele Italiaans voorgedra, en Afrikaners neem blykbaar geen aanstoot oor so 'n skreiende onreg teenoor ons taal nie. Ek is oortuig daarvan dat Afrikaans 'n baie singbaarder taal is as Engels; ons het gelukkig nie woorde soos „above,” „log,” „with” en „and” nie: woorde wat met 'n lastige stemhebbende medeklinker eindig en as sodanig moet gesing word. Een van die grootste nadele van die sangkuns by Engels-geskoolde meesters te leer, is dat die stemklappers in Afrikaans verwaarloos word; ja, hulle word selfs

grense van die liedvorm oorskry word en dat daardie soort ekshibisionisme eintlik in die opera tuis hoort. Dit is alles dinge waarvoor niemand meer stry nie in dié lande waar die liedtradisie begryp en gerespekteer word.

Maar baie van ons self-aangewese leiers op die gebied van die musiek weet beter. En hier mag dit nie verswyg word nie dat ons radio 'n ondiens aan ons kunslied bewys deur die klavierbegeleiding van ons komponiste te orkestreer. Ons luister daagliks na dié dinge en ons word so bot en misnoedig dat ons ons nie eens die moeite getroom om te protesteer nie. Om sake nog erger te maak, is die orkestrasie dikwels nie eens tegnies knap nie. Die sanger kom nie tot sy reg nie en die digter nog minder. So nou en dan hoor jy in Visser se gedig die woord „laetitia” bo die geblêr van die orkes, maar dit verg die uiterste inspanning van die kant van die sanger.

En waar bly die lied? Die lied is skugtel en beskeie en verwasem in die tergende maalstroom van die klankgolwe van die orkesbegeleiding. Protesteer ons komponiste dan glad nie? Wat sou 'n Paryse gehoor sê as Fauré se „Dans les ruines d'une abbaye” met orkesbegeleiding in die konsertsaal of oor die radio moes gehoor word? Wat sou 'n Weense gehoor dink van Wolf se „Lied vom Winde” met ffuite in plaas van klavierloopies?

Ons Afrikaanse lied kwyn omdat ons sangonderwysers nie hul leerlinge leer om Afrikaans fatsoenlik en korrek uit te spreek nie. Daar is uitsonderings, maar dit is nie gerade om hulle hier te noem nie, en wie die skoen pas, kan hom maar gerus aantrek. Ons sangeksamens moet hervorm word, sodat sang in Afrikaans ook daar die posisie waartoe dit geregtig is, kan inneem. En die radio moet deur ons leiers op die gebied van die musiek daarop gewys word dat 'n mens nie liedere met orkesbegeleiding voordra nie. Miskien sal dit help as ons komponiste ook hul stem laat hoor. Ons radio kan 'n groot invloed ten goede hê, maar die teenoorgestelde kan ook gebeur. Van hulle hang ook die keuring van die sangers af, en in die belang van ons kunslied kom die eenvoudige musiek liefhebber, soos die skrywer, na hulle met die vriendelike versoek om nie sangers met 'n verwronge Afrikaanse uitspraak te laat uitsaai nie. Ons kunslied kan in die nabye toekoms tot iets ontwikkel waarop ons trots kan wees; ons digkuns het reeds die weg gebaan, en onder ons komponiste is daar baie talent, mense wat 'n werklike gevoel vir die liedstyl besit. Maar daar is groot behoefte aan goeie sangers wat hulle nie blind stuur op toonvorming nie, maar wat die inhoud en gees van die gedig verstaan en wat in staat is om die digter se woorde uit te spreek.

Mag die onpaslike orkesbegeleiding oor die radio ook binnekort verdwyn. As musiek liefhebber en liefhebber van die lied beroep ek my op musiekkenners en op ons komponiste om by die radio daarop aan te dring dat plaatopnames met georkestreerde liedere so gou as moontlik van ons Afrikaanse radioprogramme sal verdwyn.



Die Skrywer

met Goethe se „Grenzen der Menschheit” nie heeltemal regkry nie.

Oor die vraag of Afrikaans 'n „singbare” taal is, word nog steeds gestry. Die ou Italiaanse skrywers oor „bel canto” het Engels en Nederlands heel onder aan die lys van Europese tale geplaas wat singbaarheid betref. Maar daar skuil 'n groot mate van vooroordeel ten opsigte van die meerderwaardigheid van Italiaans as singtaal in dié indeling. Niemand sal ontken dat Italiaans, die „lingua dell' amore,” die welluidendste taal is nie. Maar daar is geen prinsipiële verskil tussen sing en praat nie, en wat 'n mens kan praat, kan jy ook sing. Die g-klank is nie juis vokaal nie, maar kombinasies soos „schaap” kry ons gelukkig nie in Afrikaans nie. Laat ons sangers tog net een gulde reël onthou: neem die taal soos hy is, of laat hom staan; moenie hom volgens Engelse „singreëls” wil sing nie. Sing „lant” in plaas van „land-e.” Die diftonge (twee klanke) moet as sodanig gesing word. Hoe dikwels hoor 'n mens oor die radio *hê, mē, blē, blō, nô* in plaas van *hy, my, bly, blou, nou*. Van ontrouing en oorronding wil ek nie eens praat nie want wie nie respek het vir sy taal nie, kan gerus 'n ander taal praat en sing.

deur sommige „singing teachers” verbied omdat hulle konsuis die klankbinding (*legato*) onmoontlik maak en die skone, deurlopende lyn van die melodie (*cantilena*) sou onderbreek. Maar die taal en sy wese kan jy maar verkrag! Onlangs moes ek herhaaldelik na 'n lied luister wat vertel van „die jasvaal Karoo”; en hoor ons nie daagliks oor ons radio dat dit Kaapstad is wat „hie romroep” nie? Voordat ons sangers het wat Afrikaans fatsoenlik leer sing het, kan ons nie ver wag dat ons kunslied sal gedy nie, want musiek bestaan nie uit swart kolletjies op papier nie: dit leef eers wanneer dit uitgevoer word.

Omdat die lied wesentlik kamermusiek is, moet die begeleiding nie oorlaai word nie, anders word die lied opgeblase en vulgêr en die belangrike stemnuanserings is net op piano en forte aangewese. Die natuurlike en tradisionele liedbegeleiding is die klavier, of hoogstens 'n snaarkwartet soos in sommige liedere van Richard Strauss. 'n Lied met 'n orkesbegeleiding is 'n onding: dan word die lied 'n dramatiese toneel, soos Saint-Saëns se „Fiancée du Tambalier.” Hoe skoon Mahler se „Kindertotenlieder” met orkesbegeleiding ook mag wees, voel 'n mens nogtans dat die